


## Huttenpark Primêre Skool

### Medikasie Beleid

1. Volgens wetgewing mag daar geen medikasie aan 'n leerling verskaf word nie.
2. Leerders kla egter daaglik oor kopseer, maagpyn, naarheid en ander minder ernstige simptome. Dit is nie haalbaar om elke dag, elke ouer te skakel vir toestemming om medikasie toe te dien, of om vir die leerder medisyne te bring nie.
3. Ouers sal versoek word om 'n afskeurstrokie te voltooi waarin hulle toestemming gee vir die toediening van sekere basiese medisyne.
4. **GEEN** medikasie sal verskaf word indien 'n ouer nie toestemming gee nie.
5. Bogenoemde reëling geld ook vir enige toere en uitstappies.
6. Enige medikasie wat leerders sou benodig vir spesifieke toestande bv. Insulien of medikasie vir allergieë, moet met spesiale toestemming by die kantoor/betrokke personeel ingehandig word. Sulke medikasie moet in 'n verseëelde houer met leerder se naam, ouers se kontaknommers en duidelike instruksies ingehandig word.
7. Oppervlakkige wonde sal met 'n ontsmettingsmiddel skoongemaak word, en "Mercurochrome" sal aangewend word.
8. In die geval van 'n geringe uitslag of steekplek (bv. bysteek) sal "Anthisan"-salf aangewend word.
9. Indien daar enigsins twyfel bestaan oor die erns van 'n leerder se mediese toestand sal die ouers onmiddellik gekontak word.

Bogenoemde beleid is goedgekeur deur die Beheerliggaam van Huttenpark Primêre Skool op 12/5/2014.

  
Beheerliggaam Voorsitter

  
Skoolhoof

## Toestemmingsbrief – Medikasie

Naam van leerder: \_\_\_\_\_ Datum: \_\_\_\_\_

Graad: \_\_\_\_\_

Ek Mnr. / Me. \_\_\_\_\_ gee hiermee toestemming vir die toedien van die volgende medisyne.

Panado/ Painblok vir kopseer: Ja \_\_\_\_\_ Nee \_\_\_\_\_

Hydrospasmol vir maagpyn: Ja \_\_\_\_\_ Nee \_\_\_\_\_

Adco Cyclizine vir naarheid : Ja \_\_\_\_\_ Nee \_\_\_\_\_

Rescue vir angstigheid: Ja \_\_\_\_\_ Nee \_\_\_\_\_

Allergex vir allergie Ja \_\_\_\_\_ Nee \_\_\_\_\_

Meld asseblief enige allergieë of ander siekte toestande waarvan die skool bewus moet wees.

\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

### Kontaknommers:

Ma: (Sel) \_\_\_\_\_ (Huis) \_\_\_\_\_

Pa: (Sel) \_\_\_\_\_ (Huis) \_\_\_\_\_

Alternatiewe Noodnommers:

\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

Handtekening van ouer/voog: \_\_\_\_\_